# Lesing 04.10.2018 - Lesing 16 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

**(1Pe 1:1 PETRUS**, 'n Apostel van JaHWèshua die Gesalfde, **aan die vreemdelinge van die twaalf stamme in verstrooiing** in Pontus, Galásië, Kappadócië, Asië en Bithínie,)

1Petrus 2:

1 LÊ dan af alle **besoedeling** en alle **bedrog** en **geveinsdheid** en **afguns** en alle **haatspraak**;

1Pe 2:2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na **die onvervalste Melk van die Woord**, dat julle deur haar kan opgroei,

1Pe 2:3 as j

ulle ten minste **gesmaak het** dat ons Meester vol Medelye is.

1Pe 2:4 Kom na **Haar** toe, die **Lewende Steen** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]

1Pe 2:5 en laat julle ook soos **lewende stene** opbou, tot 'n **geestelike Huis**, 'n **priesterdom van Apartheid**, om **geestelike aanbiedinge** te bring wat aan Elohim welgevallig is **deur JaHWèshua** die Gesalfde.

1Pe 2:6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, EK lê **in Sion** 'n **Grondsteen**, [‘n beproefde Klip,] ‘n kosbare **Hoek**[**steen** wat ‘n vaste fondament is,] hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]

1Pe 2:7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord: **Die Klip wat die bouers verwerp het, Sy het 'n Hoeksteen geword; [Psalm 118:22] en: 'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling –** [JeshaJaH 8:14]

1Pe 2:8 vir dié wat hulle **teen Hom** stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. [JeshaJaH 8:14]

1Pe 2:9 Maar julle is 'n **uitverkore saadlyn, 'n koninklike priesterdom, 'n apartgestelde nasie. 'n Volk** as eiendom verkry, om te verkondig **die voortreflikheid** <u>van Hom</u> wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig, [Exodus 19:6]

1Pe 2:10 julle wat vroeër geen volk was nie, **maar nou die volk van Elohim is;** aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. [2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]

1Pe 2:11 GELIEFDES, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van **vleeslike begeertes** wat stryd voer teen die siel;

1Pe 2:12 en hou julle **lewenswandel onder die nasies suiwer**, sodat <u>as hulle julle laster as misdadigers</u>, hulle op grond van die suiwere werke wat hulle aanskou, die Elohim kan vereer in die dag van besoeking.

1Pe 2:13 Wees dan onderdanig aan elke **adamitiese skeppingsorde** ter wille van die Meester - of dit die koning is as opperbevel,

1Pe 2:14 of die goewerneurs as sy gesante, om wel misdadigers te straf, maar die wat goed doen, te prys.

1Pe 2:15 Want so is dit die wil van Elohim dat julle **deur goed te doen** die onkunde van die **dwase adamiete** tot swye sal bring,

1Pe 2:16 as vrye adamiete en nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die besoedeling nie, maar as **diensknegte van Elohim**.

1Pe 2:17 Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, Elohim vrees, **die Koning eer**.

1Pe 2:18 DIENSKNEGTE, **wees julle meesters onderdanig** met alle vrees, nie alleen aan die wat suiwer en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verdraaid is.

1Pe 2:19 Want dit is Barmhartigheid as iemand se siel voor Elohim leed verdra deur **onregverdig te ly**.

1Pe 2:20 Want watter roem is daar as julle verdra wanneer julle oortredinge doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer **julle goed doen en ly** - dit is Barmhartigheid by Elohim.

1Pe 2:21 **Want hiertoe is julle geroep**, omdat die Gesalfde ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle Sy voetstappe kan navolg;

1Pe 2:22 Hy wat geen oortredinge gedoen het nie, en in Wie se Mond geen bedrog gevind is nie;

1Pe 2:23 wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan HOM wat regverdig oordeel;

1Pe 2:24 wat self ons oortredinge in Sy Liggaam op die folterpaal gedra het, sodat ons die oortredinge kan afsterwe en vir die Geregtigheid lewe; deur Wie se wonde julle genees is. [JeshaJaH 52:14; 53:12]

1Pe 2:25 Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle **teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele.**